NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 13 JUNIE 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING**

Rdl W Wilskut open die vergadering met gebed. Die voorsitter heet almal welkom.

2. **VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan me M S Terblanche en mnr R du Toit.

3. **VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

4. **NOTULES**

4.1 **NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 16 MEI 2012**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Mei 2012 goegekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 **NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 23 MEI 2012**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Mei 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. **OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**

5.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 JUNIE 2012** *[regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees]*

5.1.1 **ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 **SIVIELE IN ELEKTRIESE DIENSTE**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 **ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

7. **STAANDE ITEMS**

7.1 **MONITERING VAN EPWP** (Geen verslag ontvang nie)

8. **NUWE SAKE**

8.1 **VOORLEGGING VAN DIE 2012/2013 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) EN PRESTASIE-OOREENKOMSTE (2/1/4/4/1)**

Artikel 1 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA) omskryf die dienslewering- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en die uitvoering van sy jaarlikse begroting en wat die volgende moet insluit:

(a) projeksies vir elke maand van-
  (i) inkomste wat ingevorder gaan word, per bron; en
  (ii) bedryfs- en kapitaaluitgawes per pos;

(b) diensleweringsteikens en prestasie-aanwysers vir elke kwartaal.

Die doel van die dienslewering- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die prestasie-ooreenkomste wat voorgelê word is vir die 2012/2013 finansiële jaar en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure. Die SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die 2012/2013 dienslewering- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word in terme van artikel 53 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003);

8.1/...

(b) Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste vir die 2012/2013 finansiële jaar, en dienooreenkomstig goedgekeur word;

(c) Dat daar kennis geneem word, dat binne 10 werksdae na hierdie goedkeuring, bogenoemde SDBIP en prestasie-ooreenkomste kragtens artikel 53(3) van die MFMA en Regulasies 19 en 20(2)(b) van die *Budget and Reporting Regulations* 2009 openbaar gemaak sal word en by die Nasionale Tesourie en die relevante provinsiale tesourie ingedien sal word.

8.2 **NOTULE VAN 'N MUNISIPALE FINANSIËLE- EN PRESTASIE OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 MAART 2012 (11/1/3/1/7)**

Die notule van 'n gesamentlike Munsipale Finansiële- en Prestasie Ouditkomiteevergadering soos gehou op 15 Maaart 2012 is as bylaag gesirkuleer.

Die Komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet van 2003.

In terme van bogenoemde mandaat maak die Komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming daaroor.

Die Ouditkomitee spreek sy kommer uit oor die prysgeld wat aan Swartland toegeken is vir die "Cleanest Town Competition" gedurende 2007 wat nog nie ten volle ontvang is nie en beveel aan dat dit opgevolg word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die gesamentlike vergadering van die Munisipaliteit se Finansiële- en Prestasie Ouditkomitees van 15 Maart 2012.

8.3 **"SHARED SERVICES" TUSSEN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT VIR RISIKO BESTUUR (2/1/3/3)**

Die kapasiteit van plaaslike regering om dienste te lewer ten einde mense se lewensomstandighede te verbeter, te regeer en fondse te bestuur op 'n gesonde lewensvatbare manier, was nog nooit so hoog op die transformasie agenda nie. Hiervan getuig die Nasionale Agenda, 2010 soos uitgereik deur die President en spesifiek Uitkoms 9 wat van munisipaliteite verwag word om 'n deelnemende, verantwoordelike, effektiewe en ekonomiese plaaslike regeringstelsel te verseker. Die "Shared-Services" model, indien korrek toegepas, kan bydra om die uitkoms te bereik.

Na 'n inisiatief van die Weskus Distriksmunisipaliteit om "Deel-Dienste" (Shared Services) te inisieer en na talle gesprekke wat gevoer was op DCF vlak, is 'n gevorderde poging te aangewend. 'n Deel-Diens (Shared Service) gereedheidsoudit is voltooi vir die Weskus Distriksarea en is voorgestel dat besigheidsvoorstelle ontwikkel word vir twee "Deel-Dienste" (Shared Services) naamlik Regsdienste en Risiko Bestuursdienste.

BESLUIT:

(a) Dat die Raad die besigheidsverslag aanvaar;

(b) Dat die Raad die inisiasie van Deeldienste t.o.v. Risikobestuur ondersteun;

(c) Dat die Raad goedkeuring verleen dat Swartland Munisipaliteit gebruik maak van die Deel-Dienste vir ten minste 3 jaar; en

(d) Dat Swartland Munisipaliteit die diensooreenkoms sal onderteken.

8.4 **AANSOEK OM VERLOF: MUNISIPALE BESTUURDER, 2 TOT 13 JULIE 2012 (P/, 4/8/3)**

Die Munisipale Bestuurder doen hiermee aansoek om verlof vanaf 2 tot 13 Julie 2012. Die bevoegdheid om verlof goed te keur – aldan nie – lê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.'n Skedule van die Bestuurspan se verlof ten opsigte van die aanduiding van wie wanneer verlof neem gedurende die winter skoolvakansie is met sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vanaf 2 tot 13 Julie 2012 (10 dae) goedgekeur word;

(b) Dat daar kennis geneem word dat die besluit van watter Direkteure watter week gaan waarneem, nader aan die tyd geneem sal word, na gelang van die beskikbaarheid van die Direkteure, gebaseer op werksdruk en ander verpligtinge;

(c) Dat daar kennis geneem word dat die persone wat in die Direkteure se plekke gaan waarneem, in oorleg met die Munisipale Bestuurder geneem sal word.

8.5 **WYSIGING VAN GELYKE INDIENSMENINGSPLAN (1 DESEMBER 2008 – 30 NOVEMBER 2013): BEOORDELINGSPROSES VAN DEPARTEMENT VAN ARBEID (4/9/1/2/B)**

Die Departement van Arbeid het op 23 Maart 2012 Swartland Munisipaliteit se Gelyke Indiensnemingsplan onder beoordeling geneem en bepaal dat die plan nie aan die wetlike vereistes van artikels 16, 17, 19 en 20 van die Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998, voldoen nie. Die Departement van Arbeid het die tekortkominge uitgewys en sperdatums gestel waarteen die tekortkominge aangespreek moes word.

Die Gelyke Indiensnemingsforum het op 16 Mei 2012 en 6 Junie 2012 vergader om die wysigings aan die Gelyke Indiensnemingsplan te bespreek. Die finale gewysigde plan, met inagneming van alle voorgestelde wysigings, is op 6 Junie 2012 deur die Gelyke Indiensnemingsforum aanvaar.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die beoordelingsproses van die Departement van Arbeid ten opsigte van Gelyke Indiensneming en die tekortkominge wat uitgewys was ten opsigte van Swartland Munisipaliteit se Gelyke Indiensnemingsplan;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die gewysigde Gelyke Indiensnemingsplan (1 Desember 2008 tot 30 November 2013) goedkeur;

(c) Dat 'n mandaat aan die Bestuurder: Menslike Hulpbronne gegee word om binne die aanbevelings in die plan op te tree;

(d) Dat daar met kommer kennis geneem word deur Swartland Munisipaliteit (in sy hoedanigheid as werkgewer) van die effek van die statutêre voorskrif om die Wes-Kaap Provinsie se demografie, pleks van die Swartland munisipale gebied, te gebruik;

(e) Dat die Munisipale Bestuurder, direkteure en "HR"-praktisyns, versoek word om die implementering omsigtig te hanteer ten einde nie arbeidsonrus te veroorsaak nie.

8.6 **WYSIGING VAN DIE BELEID INSAKE BETALING VAN REIS-, AKKOMMODASIE EN VERBLYFKOSTE (4/7/2/5)**

Swartland Munisipaliteit is deurlopend besig om kontroles en prosedures te verbeter. Een hiervan is die uitgawe beheerprosedure. Ten einde te verhoed dat enige direkte

betalings aan enige Raadslid of amptenaar gemaak word, is die mees korrekte wyse van betalings naamlik om dit deur die salarisstelsel (PayDay stelsel) te loods.

Kennis moet geneem word dat hierdie eise nie wesenlik is nie, aangesien groot uitgawes soos lugvervoer en hotel besprekings deur die Voorsieningskanaalbestuurstelsel gedoen word en nie deur die amptenaar of Raadslid vooraf uit hul eie sak betaal word nie.

Die prosedure vir die betaling van eise word nie in die huidige Beleid insake Betaling van Reis- en Akkommodasie- en Verblyfkoste uiteengesit nie en word amptenare se eise tans uitbetaal deur die Krediteure afdeling. Hierdie praktyk is problematies, aangesien amptenare nie as krediteure van die raad beskou kan word nie. Die Bestuurder Interne Oudit beveel dus aan dat amptenare se eise uitbetaal word deur middel van die betaalrolstelsel aangesien dit die korrekte manier is om die eise uit te betaal.

BESLUIT

(a) Die bogemelde toevoeging tot die Beleid insake Betaling van Reis- en Akkommodasie- en Verblyfkoste aanbeveel word vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;

(b) Dat alhoewel Raadsaangeleenthede nie op ‘n Arbeidsverhoudingeforum hanteer word nie, dieselfde toepassing van Reis- en Akkommodasie- en Verblyfkoste eise ook op Raadslede van toepassing gemaak word; en

(c) Dat enige betaling aan ‘n werknemer sowel as ‘n raadslid, ingesluit reiskostes, slegs deur middel van die PayDay stelsel (betaalrolstelsel) betaal sal word. Geen betaling aan werknemers en raadslede sal deur middel van die krediteurestelsel gedoen word nie.

8.7 **TERUGTREKKING VAN ONGESPANDEERDE ”GRANT” VAN R463 000,00 DEUR NASIONALE TESOURIE (5/9/2/7)**

Swartland Munisipaliteit het in 2007/2008 vir die eerste keer ’n toekenning gekry in terme van DORA vir MSIG ten bedrae van R734 000. Projekimplementeringsplanne is ingedien om aan te toon hoe die munisipaliteit hierdie toekenning sou aanwend.

Sedert 2007/2008 is aanvaar dat ongespandeerde toekennings van een jaar na die ander oorgedra kan word en is daar nie aansoek gedoen vir die oordra daarvan nie. Die DORA, asook omsendskrywes vanaf NT sou duidelik gemeld het dat munisipaliteite jaarliks moet aansoek doen om ongespandeerde fondse van toekennings oor te dra, en ook dat die fondse so gou as moontlik aangewend moet word en dat daar reeds “commitments” daarvoor moet wees.

Swartland Munisipaliteit het in Augustus 2011 tog goedkeuring gevra vir die oordra van die ongespandeerde MSIG-fondse, in totaal R438 145,44. ‘n Skrywe gedateer 20 Oktober 2011 is ontvang vanaf NT waarin goedkeuring hiervoor verleen word.

‘n Skrywe is egter ontvang vanaf Nasionale Tesourie gedateer, 16 Maart 2012 dat die ongespandeerde toekennings t.o.v. MSIG ten bedrae van R438 145.44 en FMG ten bedrae van R25 496.42 teruggehou word en teen die “E Q Share” subsidie verreken sal word.

BESLUIT:

(a) Dat daar kennis geneem word van die misnoeë wat deur die Eksterne Ouditkomitee uitgespreek is tydens ’n vergadering gehou op 7 Junie 2012.

(b) Dat die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) volmag gegee word om die volgende handelinge en aksies te volvoer.

(c) Nasionale Tesourie (via Provinsiale Tesourie) te versoek om ingevolge die “Promotion of Administrative Justice Act” (PAJA) die volgende inligting aan Swartland Munisipaliteit te verskaf.

8.7/....

(d) Notule van die vergadering wat gehou is deur die amptenare van Nasionale Tesourie waar die besluit geneem is om te volstaan met die wegneem van die R463 000.00, ten spyte daarvan dat Swartland Munisipaliteit skriftelike goedkeuring verleen is op 20 Oktober 2011.

(e) Dat die presensielys van voormelde vergadering ook verskaf word.

(f) Dat die delegasie, ingevolge waarvan voormelde besluit geneem is, ook aan Swartland Munisipaliteit verskaf word.

(g) Dat indien voormelde inligting nie binne 3 weke vanaf Swartland Munisipalitetit se skrywe, ontvang is nie die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om ’n dispuut ingevolge die IGRFA (Inter Governmental Relations Framework Act) te verklaar.

8.8 **UITSTAANDE DEBITEURE, MEI 2012 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Mei 2012.

8.9 **UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseis.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

8.10 **VERHUUR VAN GEBOU TE LANGSTRAAT, ABBOTSDALE (12/1/3/1-1/1)**

Die Raad verhuur ‘n geboutjie geleë op erf 604, Langstraat Abbotsdale aan die Hoeksteen Van Sion Pinkster Gemeente van SA op ‘n jaar tot jaar basis vir doeleindes van kerkdienste. Die verhuringsooreenkoms verval op 30 Junie 2012.

BESLUIT

Dat die item oorstaan om geleentheid te gee om –

(a) die ooreenkoms met die Hoeksteen van Sion Pinkster Gemeente van SA te beëindig, wat impliseer dat die persoon aan wie Sion die gebou onderverhuur die gebou moet ontruim;
(b) na ontruiming, oorweging te verleen om die gebou weer vir kerkdoeleindes vir verhuring beskikbaar te stel.

8.11 **VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/2/4-3/1)**

Op ‘n publieke veiling gehou op 31 Maart 2012 is nuutgeskepte erf 4359 (groot 51,9087 ha), Darling verkoop aan Anicol Properties (Pty) Ltd vir landboudoeleindes. Erf 4359 is geskep uit die konsolidasie van die vorige landbou kampe 9 en 10 (gedeelte van erf 551).

Met die konsolidasie van kampe 9 en 10 is gedeelte, nou erf 4360 (groot 7, 9645 ha) afgesny vir doeleindes van toekomstige ontwikkeling deur die Raad. Anicol Properties (Pty) Ltd doen hiermee aansoek om erf 4360 vir die interim van die munisipaliteit te huur vir landboudoeleindes. Die betrokke gedeelte grond lê tans onbenut tot tyd en wyl die Raad met erfontwikkeling kan voortgaan.

8.11/...

Erf 4360 is aangrensend aan die aansoeker se erf 4359. Geen omheining is huidiglik aanwesig op erf 4360 nie. Dienste word deur die aansoeker op erf 4359 aangebring en is goedkeuring verleen dat toegang na erf 4359 voorlopig oor erf 4360 verkry word. Slegs die eienaar van erf 4359 sal erf 4360 werklik sinvol kan aanwend vir landboudoeleindes en slegs op korttermyn.

BESLUIT

(a) Dat erf 4360, Darling (groot 7,9645 ha) aan die eienaar van die aangrensende erf 4359 uit-die-hand verhuur word vir landboudoeleindes;

(b) Dat ‘n huurtermyn van twee (2) jaar m.i.v 1 Julie 2012 bepaal word;

(c) Dat huurgeld van R199,00 per hektaar per jaar, gebaseer op huurgeld wat uit die onlangse verhuring van aangrensende landboukampe ontvang word, goedgekeur word;

(d) Dat die Raad se voorneme in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word en aan omliggende eienaars gekommunikeer word;

(e) Dat die aansoeker verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;

(f) Dat ‘n huurooreenkoms soortgelyk aan die ooreenkoms met huurders van die aangrensende kampe met die huurder aangegaan word; en

(g) Dat die Raad die buitegewone omstandighede in paragraaf 3.1 tot 3.4 hierbo notuleer.

8.12 **HUUR VAN TRANSNET RUSKAMER TE KALBASKRAAL (12/1/2-6/2)**

Die Raad huur die ruskamers te Kalbaskraal van Transnet vir ‘n termyn van 1 jaar teen ‘n tarief van R980-00 per maand. Die huurtermyn verstryk op 30 Junie 2012. Die Departement Ontwikkelingsdienste het aanbeveel dat die huur van die gebou verleng word vir nog ‘n periode van 12 maande. ‘n Huurtarief van R1000,00 per maand (BTW uitgesluit) is voorgestel met ‘n eenmalige admininstrasiefooi van R114,00. Die gebou word gebruik vir ‘n Meerdoelige sentrum in Kalbaskraal.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met Transnet aangegaan word met ingang van 1 Julie 2012 vir ‘n termyn van 12 maande vir die huur van die ruskamer te Kalbaskraal vir doeleindes van veeldoelige sentrum;

(b) Dat huurgeld ten bedrae van R1000-00 per maand plus BTW betaal word plus ‘n eenmalige bedrag van R114-00 as administrasie kostes;

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

8.13 **HUUROOREENKOMS: MALMESBURY PAINTBALL KLUB (17/9/2/R)**

Die Raad verhuur die gedeelte meentgrond bekend as die bloekombos agter Swartland Hoërskool op ‘n jaar tot jaar basis aan die Malmesbury Paintball klub.

Die huurgeld beloop R100-00 plus 14% BTW per jaar. Die huurooreenkoms verval op 30 Junie 2012.

BESLUIT

(a) Dat ‘n nuwe huurooreenkoms met die Malmesbury Paintballklub aangegaan word vir die huur van ‘n gedeelte meentgrond bekend as die bloekombos agter Hoërskool Swartland te Malmesbury vir doeleindes van ‘n paintballbaan;

(b) Dat ‘n huurtermyn van een jaar vasgestel word wat by verstryking weer hernu kan word m.i.v 1 Julie 2012;

(c) Dat die huurgeld R100,00 per jaar plus BTW sal beloop.

8.14 **LUGKWALITEIT BESTUURSPLAN (1/1/1/78)**

Om te voldoen aan die vereistes soos gestel in die Omgewingsbestuurswet, (Wet No. 39 van 2004) en om die funksie van Lugkwaliteitbestuur na behore te bestuur, het die Weskus Distriksmunisipaliteit die konsultant, Gondwana Environmental Solutions in 2010 aangestel om ’n konsep Lugkwaliteit Bestuursplan en Verordening op te stel.

Aangesien lugbesoedeling ’n gedeelde funksie is tussen die Ditriksmunipaliteit en die 5 plaaslike owerhede, is dit belangrik dat ’n goeie samewerkende verhouding tussen die Distrik en die 5 plaaslike owerhede geskied. Die plan is breedvoerig saamgestel en die doel van hierdie verslag is om die belangrikste punte wat Swartland Munisipaliteit en sy gemeenskap raak, uit te wys.

BESLUIT:

(a) Dat die Lugkwaliteit Bestuursplan vir Swartland Munisipaliteit aanvaar en goedgekeur word om in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan ingesluit te word;

(b) Dat mnr JT Steenkamp, Direkteur: Ontwikkelingsdiente en mnr Kobus Marais, Hoof: Beroeps- en Omgewingsgesondheid was reeds voorheen deur die Raad ingevolge artikel 14 (3) van Wet 39 van 2004 aangestel, as Lugkwaliteit Beamptes en dat dit weereens bevestig word;

(c) Dat daar in samewerking met Departement Omgewingsake en die Weskus Distriksmunisipaliteit ‘n verordeninge insake Lugkwaliteit vir Swartland Munisipaliteit opgestel word.

8.15 **DELEGASIE VAN BEVOEGDHEID AAN DIREKTEUR: ONTWIKKELINGSDIENSTE: HANTERING VAN STRAATBOULYNAFWYKINGS (15/4/2) (ALLE WYKE)**

Raadslede en kollegas is bewus daarvan dat daar deurlopend verskeie straatboulynafwykings op bouplanne in sakelyste verskyn, waarop die besluitneming tans by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee berus.

Die voorbereiding van hierdie items vir verskyning in die agendas neem heelwat man-ure van die totale Afdeling: Beplanning in beslag, wat dalk a.g.v. die inhoud van hierdie items beter operasioneel in belang van Swartland Munisipaliteit aangewend kan word.

Die Afdeling: Beplanning neem reeds ‘n geruime tyd ‘n aantal kriteria in ag in die voorbereiding van aanbevelings t.o.v. hierdie items. Die kriteria behels die volgende nl:

- die sonering van die eiendom
- die grootte van die eiendom
- die totale geboue oppervlakte
- die persentasie dekking
- die plasing van bestaande geboue/verbeterings
- toegang tot die perseel
- grondgebruike in die omgewing
- betrokke dorp/woonbuurt/area
- tipe struktuur vir afwyking
- ligging /plasing van voorgestelde struktuur
- aanpassing by bestaande geboue/verbeterings

- eienaar/kliënt se behoeftes
- praktiese oplossing
- straatboulyn op hoekerwe
- ondersteuning deur bure.

Hierdie kriteria dek ‘n breë spektrum van aangeleenthede in die oorweging van sodanige straatboulynafwykings en is die Afdeling: Beplanning van mening dat indien hierdie kriteria wel toegepas en oorweeg word, daar voldoende motivering en meriete is dat dit wel departementeel gefinaliseer kan word.

BESLUIT:

(a) Dat met in agneming van bogenoemde kriteria daar aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste goedkeuring verleen word om op departementele terrein oor straatboulynafwykings tydens die oorweging van die bouplanne te besluit;

(b) Dat, indien daar enige beswaar teen die voorgestelde afwykings van aangrensende eienaars ingedien word, of die voorgestelde kriteria nie aan voldoen kan word nie, dit vir besluitneming aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê moet word.

8.16 **WYSIGING VAN DIE GRONDWET VAN DIE YZERFONTEIN HEIGHTS HUISEIE-NAARSVERENIGING: 560/04, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/6-15, 15/3/4-15) (WYK 5)**

Die grondwet en argitektoniese ontwerpshandleiding vir die Yzerfontein Heights ontwikkeling is deur die Raad goedgekeur op 7 Desember 2011.

Hiermee word aansoek gedoen om paragraaf 6 “*Levies, Costs and Services*” van die grondwet te wysig.

Die voorgestelde wysigings is met sakelys gesirkuleer. wysigings van die grondwet is deur die Afdeling: Beplanning nagegaan, en word as in orde beskou.

BESLUIT

Dat die wysigings van die grondwet van die Yzerfontein Heights Huiseienaarsvereniging ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

8.17 **AFWYKING: ERF 3589, DARLING (15/4/2-3) (WYK 6)**

‘n Bouplanaansoek is deur die eienaars M A & R S van Wyk van erf 3589, geleë te Fairwaystraat, Darling ontvang. Twee motorafdakke word voorgestel.

Die voorgestelde motorafdakke oorskry die 4m straatboulyne (westelike en oostelike grense) tot 0m onderskeidelik. Gevolglik word aansoek gedoen om afwyking op erf 3589, Darling, ten einde af te wyk van die 4m straatboulyne (westelike en oostelike grense) tot 0m onderskeidelik vir die oprigting van twee motorafdakke.

BESLUIT

Dat die afwyking op erf 3589, Darling ten einde af te wyk van 4m straatboulyne (westelike en oostelike grense) tot 0m onderskeidelik vir die oprigting van twee motorafdakke, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

8.18 **AANSOEK OM WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES MET BETREKKING TOT DIE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ’N GEDEELTE VAN DIE PLAAS ROZENBURG NO 771, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/6-15) (WYK 7)**

’n Aansoek is ontvang vir die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes C1(c) en C1(d) met betrekking tot die Raadsbesluit gedateer 16 Mei 2012 rakende die aansoek om

hersonering en onderverdeling van die plaas Rozenburg no. 771, afdeling Malmesbury. Die voorwaardes lees soos volg:

"...C1(c)...dat 'n 4,5m reg-van-weg serwituut voorsien word teen die titelaktes van die onderskeie nuutgeskepte enkelwoonerwe;

C1(d)...dat die 4,5m reg-van-weg serwituut voorsien word van 'n grondlaag wat deur die onderskeie grondeienaars van die nuutgeskepte enkelwoonerwe onderhou sal word; dat die nuutgeskepte enkelwoonerwe nie onderverdeel mag word nie. Hierdie voorwaarde moet in die titelakte van die onderskeie erwe geregistreer word..."

'n Versoek is van die applikant ontvang vir die wysiging van die 4,5m reg-van-weg serwituut na 'n 10m reg-van-weg serwituut om so voorsiening te maak vir toekomstige ontwikkeling sowel as die maklike installering van dienste. 'n Liggingsplan, die versoek van die applikant sowel as die gewysigde inginieursverslag is met sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die aansoek om wysiging van die goedkeuringsvoorwaardes C1(c) en C1(d) van die raadsbesluit gedateer 16 Mei 2012 rakende die hersonering en onderverdeling van plaas Rozenburg no. 771, Afdeling Malmesbury ten einde voorsiening te maak vir 'n 10m reg-van-weg serwituut in plaas van 'n 4,5m reg-van-weg serwituut, ingevolge artikel 42 van Ordonnansie 15 van 1985, soos volg goedgekeur word:

C1(c) dat 'n 10m reg-van-weg serwituut voorsien word teen die titelaktes van die onderskeie nuutgeskepte enkelwoonerwe;

C1(d) dat die 10m reg-van-weg serwituut voorsien word van 'n grondlaag wat deur die onderskeie grondeienaars van die nuutgeskepte enkelwoonerwe onderhou sal word;

C1(e) dat die nuutgeskepte enkelwoonerwe nie onderverdeel mag word nie. Hierdie voorwaarde moet in die titelakte van die onderskeie erwe geregistreer word.

8.19 **AFWYKING: ERF 967, MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 10)**

'n Bouplanaansoek is namens die eienaars Mnr en Mev Stelluto van Erf 967, geleë te Langstraat no. 33, Malmesbury ontvang. Daar word aansoek gedoen ten einde die bestaande buitegebou op erf 967, Malmesbury te omskep in 'n addisionele wooneenheid, asook die vergroting van die addisionele wooneenheid deur die sitkamer uit te brei om sodoende 'n meer funksionele leefvertrek te skep.

Die voorgestelde vergroting van die addisionele wooneenheid oorskry die 5m straatboulyn tot op ±0,4m. Gevolglik word aansoek gedoen om afwyking op erf 967, Malmesbury, ten einde 'n addisionele wooneenheid te skep, asook om af te wyk van die 5m straatboulyn tot op ±0,4m.

BESLUIT

Dat die afwykings op erf 967, Malmesbury ten einde 'n addisionele wooneenheid te skep, asook om af te wyk van die 5m straatboulyn tot op ±0,4m soos aangedui op die bouplanne gemerk "B1" tot "B4", ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER